MEDIAVERKLARING

1 NOVEMBER 2017

EMBARGO: ONMIDDELLIK

SKOOLKAPING, GEWELD EN 'N TEKORT AAN ONDERWYSPOSTE

Die SAOU se Nasionale Uitvoerende Raad het op 31 Oktober en 1 November 2017 vergader en sake van 'n wyd uiteenlopende aard onder die loep geneem. Ernstige kommer is veral uitgespreek oor die drie aspekte hieronder gemeld. Dit is duidelik dat hierdie probleme sistemies van aard is en dat dit nodig sal wees dat bekommerde rolspelers daadwerklike aandag daaraan sal moet verleen.

1. <u>Kaping van skole deur die staat</u>

   Die jongste voorgestelde wysigings aan die SA Skolewet en die Wet op die Indiensneming van Opvoeders neem openbare onderwys terug na die pre-94 era, dws 'n staatskoolbedeling waar elke skool 'n verlengstuk is van die politieke owerheid van die dag. Dit sal behels dat skole onteenseglik 'n bepaalde politieke agenda sal moet uitvoer en sal daar van die nobele beginsels van die skool as 'n demokratiese instelling niks tereg kom nie. Hierdie wysigings sal ongetwyfeld geen verbetering aan die kwaliteit van onderwys teweegbring nie en is uitsluitlik daarop gemik om elke skool tot voordeel van die staat te kaap. Die verskoning wat geopper word is dat alle beheerliggame nie bevoeg is om hulle verpligtinge na te kom nie, maar die vraag wat onteenseglik gevra moet word, is wat het die owerhede dan oor die meer as twintig afgelope jare gedoen?

   Dit is ook belangrik dat die voorgestelde wysigings kontra die Onderwyswitskrif en die Nasionale Ontwikkelingsplan is. Beide beleidsdokumente vereis dat skoolgemeenskappe die hoogste mate van outonomie moet geniet. Hierdie eksplisiete skoolkaping is gewis 'n terugwaartse stap wat oor die langer termyn 'n sukkelende stelsel net verder in die afgrond sal aftrek. Dit plaas nou skole in die hande van herontplooide kaders wat hoegenaamd oor geen aanvoeling vir skole en gemeenskappe se onderwysbehoeftes beskik nie.

   Die aspek wat die meeste kommer veroorsaak is die beplanning om die aanstelling van alle bevorderingsposte in skole uit die hande van skoolbeheerliggame te neem en in die hande van amptenary te plaas. Dit was tot en met hede 'n algemeen aanvaarde beginsel dat ouers en skole die beste geplaas is om objektief te oordeel welke hoof, adjunkhoof en departementshoof voldoen die beste aan 'n skool se kurrikulum- en kultuurbehoeftes, asook die aard en etos.

   Ander aspekte wat op skoolkaping dui is dat skole gedwing kan word om van 'n gesentraliseerde aankoopstelsel gebruik te maak en dat die onderwysowerhede skole se fasiliteite willens en wetens kan gebruik sonder dat skole enige fooi vir die instandhouding en moontlike brekasies kan hef. Verder, is die voorskrifte met betrekking tot die aankope van feitlike enige artikel wat onderhewig is aan departementele goedkeuring 'n duidelike bewys dat beheer oor skole se beursies uitgeoefen wil word. Om ook te verwag dat die eggenotes van opvoeders hulle finansiële sake moet ontbloot, is van alle realiteit gestroop.

   Die SAOU is reeds besig om hande te vat met ander onderwysvakbonde en –vennote om hierdie drakoniese poging tot skoolkaping te beveg. Daar word 'n beroep op elke verantwoordelike landsburger gemaak om hierdie skoolkaping teen te staan aangesien dit hoegenaamd nie die behoefte aan kwaliteit en demokratiese onderwys aanspreek nie.

2. Geweld in skole

Geweld in ‘n beduidende getal skole is besig om sodanige skole onbeheerbaar te maak. Boewe onder die dekmantel van leerders is besig om ‘n skrikbewind van boeliery onder leerders en veral vroulike opvoeders te voer. Die SAOU is algemeen bekend as ‘n onderwysvakbond wat respek vir elke landsburger se fundamentele regte voorstaan, maar die caveat was nog altyd gewees dat die keerkant van regte die gepaardgaande verantwoordelikhede is. Die gesag van onderwyspersoneel en beheerliggame word toenemend deur onderwysowerhede ondermyn deur aan te voer dat skuldige belhamels se reg tot toegang tot onderwys swaarder weeg as ander regte. Die SAOU stem hoegenaamd nie daarmee saam nie. Skuldiges wat hulle soos kriminele gedra verbeur hulle reg tot onderwys.

Die SAOU is tans besig met ‘n omvattende meningsopname onder skole en opvoeders jeens dissiplinêre probleme en boeliery. Die SAOU besef terdeë dat skole ‘n spieëlbeeld is van die gemeenskap se benadering tot gesag en dissipline, maar dit kan geen verantwoordelike opvoeder, ouer en skool daarvan weerhou om alles moontlik te doen om skole weer veilige omgewings te maak nie. Die oogmerk van die navorsing is om aan die hand van die bevindinge in gesprek te tree met beheerliggaamorganisasies en die onderwysowerhede ten einde te verseker dat die regte van die stille meerderheid van opvoeders en leerders aan ‘n veilige leeromgewing ook gehonoreer moet word. Indien daar nie iets daadwerklik gedoen word nie, kan hierdie situasie uitkring en buite beheer spiraal.

3. Tekort aan onderwysposte

Dit is ‘n gegewe dat daar ‘n direkte korrelasie tussen kleiner klasgroepe en die kwaliteit van onderwys is. Die teendeel is egter besig om plaas te vind met die oog op posvoorsiening aan skole vir 2018. Die getal ingeskrewe leerders het met 463,778 leerders tot 11,7 miljoen leerders toegeneem, terwyl die getal onderwysposte met 2,055 tot 373,281 afgeneem het. Dit versleg die nasionale leerder:opvoeder verhouding van 31,75:1 tot 32,09:1. Die onderskeie provinsies se leerder:opvoeder verhoudings van 2018 in vergelyking met 2017 lyk soos volg: Gauteng (35:1 vs 33,1:1), KZN (30,2:1 vs 30,64:1), Limpopo (33:1 vs 33:1), Mpumalanga (30,6:1 vs 30,5:1), Noord-Kaap (30,6:1 vs 30,6:1); Noordwes (31:1 vs 30:1), Oos-Kaap (30:1 vs 30:1), Vrystaat (31,6:1 vs 31:1) en Wes-Kaap (36,9:1 vs 36,6:1).

Dit is belangrik dat kennis geneem moet word dat hierdie verswakking van getalle daartoe lei dat ongeveer 3,367 opvoeders by hulle huidige skole oortollig verklaar moet word en na ander gemeenskappe verplaas moet word. Die emosionele trauma en ontwrigting van gesinne kan nie te gering geskat word nie. As in ag geneem word wat die koste is om staatsbeheerde ondernemings soos die SABC, SAA, Transnet, SA Poskantoor en ESCOM te subsidieer, is dit duidelik dat onderwys ook ‘n geweldige duur prys vir staatskaping betaal.

Navrae:
Ted Townsend
012 436 0900
ttownsend@saou.co.za